Leesrooster vir die Week

Vierde Sondag ná Epifanie: **So 3 Februarie 2019**	Jeremia 1:4-10 Psalm 71:1-6 1 Korintiërs 13:1-13 Lukas 4:21-30

Verjaardae

Francois Morkel 3 Feb

Gebedsversoeke

Hospitaal:

Magda van Zyl, Tygerberg Hospitaal, Heupvervanging

Ander:

Ethan Janse v Vuuren, Brandwonde, Australië

*Ethan het Woensdag 'n veloorplanting ondergaan en dit was tot dusver 'n groot sukses. Bid steeds saam vir geen infeksie en volkome herstel.

Ek sal jubel as ek tot u eer sing, omdat U my gered het. Ek sal die hele dag deur praat van u verlossingswerk, want dié wat my ondergang soek, staan teleurgestel in hulle verwagting; hulle beland self in die ellende.
PSALMS 71:23-24

FINANSIËLE OORSIG VIR JANUARIE 2019

Dankoffers vir Januarie	**R40 357**
Mikpunt: R50 000 p.m.	
Erediensoffers vir Januarie	**R9 931**
Mikpunt: R12 000 p.m.	

NG Gemeente Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 3 Februarie 2019

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens.
'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Vul gerus die groen vormpie in sodat ons jou besonderhede kry

OGGENDDIENS:

09:00	Kategese
Geen:	Kleuterkerk
10:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	1 Korintiërs 13:1-13
Tema:	Die essensiële karaktertrekke van `n Christen
Doop:	Benjamin Giuseppe Geldenhuys (Ouers Giuseppe en Susanna Geldenhuys)
Deuroffer:	Gemeentehulpfonds Tee na die erediens

AANDDIENS:

18:00 Nagmaal:	Dr. Johan van den Heever
Skriflesing:	Lukas 4:21-30
Tema:	Revolusionêre Messias-Deel II

Indien jy gebed of huisbesoek benodig, voltooi asb die groen vorm in die kerk of kontak die kerkkantoor by 0216864315.

Algemeen

1. **Dr Johan verlof:**
   Ds Jacocb van der Merwe sal instaan as leraar vanaf 4 Februarie tot 26 Februarie terwyl Dr Johan vd Heever met verlof is.
   Ds. Jacob vra dat julle asseblief die volgende tekse lees ter voorbereiding van volgende Sondag se dienste:
   Sondagoggend 10 Februarie: Gen 4:1-16
   Sondagaand HL10 Februarie : Luk 5:1-11

2. **Dr Johan en Ansie met verlof:**
   Dr Johan en Ansie sal in Februarie vir drie weke met verlof wees. Hopelik word daar ook binnekort begin met die opgradering van die buitekamer as 'n klein woonstelletjie. Ons hoop om dan die woonstelletjie uit te verhuur as 'n ekstra inkomste vir die gemeente.
   Kontak Dr Johan van den Heever by 0834482609

3. **Kleuterkerk:**
   Indien jy 'n kleinding het wat nog nie in die skool is nie, kan hy/sy gerus ons kleuterkerk bywoon. Gesels gerus met Naomi Willemse vir meer inligting.

4. **Glasbank:**
   Ons het vir die afgelope paar jaar probeer om as gemeente glas en papier te herwin. Ongelukkig kry ons te min glas en papier om die herwinningsdromme op die perseel te hou. Die instansies wat ons nie geld vra om te herwin nie, het hulle dromme kom verwyder. Ons sal dit waardeer as die gemeente nie langer papier of glas na ons kompleks bring vir herwinning nie. Huis Lückhoff herwin wel papier en Oasis is die naaste herwinnings-besigheid in die omgewing. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

5. **Avondrus:**
   Die eerste besoek sal plaasvind op 12 Februarie om 15:00. Jy is welkom om saam te kom kuier.

6. **Leesrooster 2019:**
   Leesroosterboekies vir 2019 is nog beskikbaar. Laat weet die Kerkkantoor indien jy sou belangstel. Die boekies kos R120

7. **Microsoft Word en Publisher opleiding:**
   Op 6 Februarie en 20 Februarie onderskeidelik gaan daar opleiding aangebied word vir Microsoft Word en Publisher. Die opleiding is nie beginnersopleiding nie, maar eerder om ons meer te leer van die programme. Dit is eintlik bedoel vir ons kerkkantoor-personeel, maar daar is steeds 5 plekke beskikbaar teen R200 per klas. Die koste sluit die opleiding, tee/koffie en ligte middag-ete in. Dit sal by die kerkkompleks aangebied word en jy benodig jou eie skootrekenaar, met die programme reeds gelaai, om die oggend te mag bywoon. Die R200 moet met bespreking betaal word. Laat weet gerus die kerkkantoor indien jy sou belangstel om hierdie opleidingsessie by te woon.

8. **InVia**
   Ons wil die InVia gemeente welkom heet by NG Rondebosch.
   Van vandag af gebruik hulle die kerkbebou en saal vir hulle aanddienste.

Program vir die week

Maandag:
19:30 Jedida
19:30 Maranata Omgee
Dinsdag:
18:30 Diensverhoudinge
Woensdag:
15:00 Bybelstudie